higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA EN STREEKSREISE
NKR VLAK 3

(11011063)

7 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 bylae.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
5. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die aangehegte BYLAE en benoem die lande of oseane wat deur syfers daarop aangedui is. Skryf slegs die naam van die land of oseaan langs die vraagnommer (1–10) in die ANTWOORDBOEK neer. (10)

1.2 Kies 'n bestemming uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die nasionale park wat besoek kan word om die groot wildebeesmigrasie te sien	A	Botswana
1.2.2	Chobe Nasionale Park kan in hierdie land gevind word	B	Namibië
1.2.3	Die land wat die tuiste van die Gorongosa Nasionale Park is	C	Zimbabwe
1.2.4	Die Kgalagadi Oorgrenspark kan in hierdie land gevind word	D	Serengeti
1.2.5	Die land wat die Victoriavalle Nasionale Park huisves	E	Mosambiek
		F	Tanzanië

(5 × 1) (5)

1.3 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

MAHALE MOUNTAINS NATIONAL PARK

Die Mahale Mountains National Park lê aan die oewer van die Tanganjika-meer in Tanzanië se Kigoma-streek. Die park is vernoem na die Mahale-bergreeks wat binne sy grense geleë is en het verskeie ongewone eienskappe.

Eerstens is dit een van slegs twee beskermde gebiede vir sjimpansees in die land. Die sjimpanseebevolking in die Mahale Mountains National Park is die grootste waarvan ons weet en omdat hulle so baie is en so afgeleë leef, floreer die sjimpansees. Dit is ook die enigste plek waar sjimpansees en leeus saamleef.

Nog 'n ongewone kenmerk van die park is dat dit een van die min in Afrika is wat te voet verken moet word. Daar is geen paaie of ander infrastruktuur binne die park se grense nie, en die enigste manier om in die park te kom en weer uit te gaan, is met 'n boot op die meer.

[*https://www.google.co.za/bestemming?q=Tanzanië+national+parks*]

Jy is 'n toerbestuurder vir African Wild Safaris. Jy is tans in Tanzanië met 'n groep gaste. Jy moet vir jou gaste inligting gee oor Tanzanië as toeristebestemming.

Kopiereg voorbehou

1.3.1 Noem TWEE tipiese kenmerke van Tanzanië.

1.3.2 Noem TWEE ongewone eienskappe van die Mahale Mountains National Park.

1.3.3 Noem TWEE aktiwiteite waaraan toeristse kan deelneem as hulle die Mahale Mountains National Park in Tanzanië besoek.

1.3.4 Noem TWEE ander aktiwiteite behalwe dié wat jy in VRAAG 1.3.3 genoem het wat gaste sal interesseer as hulle Tanzanië besoek.

(4 × 2) (8)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die Okavango-delta is in Botswana geleë.

1.4.2 Mauritius is ŉ moerasagtige bestemming.

1.4.3 Die Wes-Kaap se weer kan beskryf word as warm, droë winters met min of geen reën nie.

1.4.4 The Tsavo Nasionale Park kan in Kenia gevind word.

1.4.5 Namibië is ŉ woestynbestemming.

1.4.6 Die weer in Gauteng kan beskryf word as warm somers met donderstorms.

1.4.7 Madagaskar kan beskryf word as ŉ eiland in die Atlantiese Oseaan.

(7 × 1) (7)

[30]

NCV

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

ontdekkingsreisiger (explorer'); opvoedkundige; kulturele; massa; avontuur; gas; sport, gesondheids; godsdiens; rugsakreisigers ('backpackers')

2.1.1 'n Groep bejaardes wat die Krugerwildtuin per bus besoek, kan ...toerisme genoem word.

2.1.2 Studente wat op 'n beperkte begroting reis, sal gebruik maak van lodges vir ...

2.1.3 'n Uitruilstudent wat reis om in 'n ander land te studeer, word 'n … toeris genoem.

2.1.4 'n … toeris sal 'n besoek aan die Langa Curio and Art Centre geniet.

2.1.5 'n … toeris geniet die geleentheid om aan opwindende, gevaarlike en grillirige ondervindings deel te neem.

2.1.6 'n Groep ondersteuners wat die Protea-krieketspan se toer na Engeland en Wallis meemaak, word …-toeriste genoem.

2.1.7 'n Toeris wat self sy/haar reisreëlings tref en op 'n beperkte begroting van plek tot plek reis, word 'n ... genoem.

2.1.8 'n Toeris wat 'n bestemming besoek om spesiale sjirurgie te ondergaan, word 'n … toeris genoem.

(8 × 1) (8)

2.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

DIE BLUE SHELL RESORT AND SPA @ SEYCHELLE

By die Blue Shell Resort en Spa is die Peter Pan Club 'n spesiaal geboude kindervriendelike fasiliteit propvol allerhande speelgoed, speletjies en aktiwiteite waarvan kinders hou. Ons neem selfs kinders op daaglikse uitstappies om hul kennis en ervaring te verbreed en om meer van die fassinerende eiland te sien en te leer. Ons fokus op twee ouderdomsgroepe: 3-6-jariges en 7-12-jariges. Goed opgeleide, veeltalige kindersorgpersoneel is dag en nag aan diens sodat jy heeltemal kan wegbreek en die strand geniet.

Die Blue Shell verstaan kinders. Ons is trots daarop dat ons oord die beste kindersorg in die bedryf bied, wat gepaste etes insluit. Ons hou jou kinders besig met prettige aande wat hulle gelukkig hou terwyl die volwassenes 'n elegante fynproewersete by een van ons fantastiese restaurante geniet.

[Aangepas uit: *www.tripadvisor.co.za*]

2.2.1 Stel ’n toeris met ’n gepaste profiel op wat die oord en spa wat hier bo beskryf is, sal besoek. Motiveer jou antwoord. (3)

2.2.2 Beskryf die Seychelle as ’n vakansiebestemming. (2)

2.2.3 Noem TWEE maniere waarop die toeris wat jy in VRAAG 2.2.1 genoem het op die Seychelle kan rondtoer. (2)

2.2.4 Stel VIER aktiwiteite voor wat die volwassenes kan geniet behalwe ’n fynproewersete. (4)

2.2.5 As gevolg van slegte weer moes die toeriste die aktiwiteite wat hulle beplan het uitstel.

Verduidelik hoe jy alternatiewe reëlings sal tref om die nuwe aktiwiteite wat die toeriste kies te akkommodeer. (3)

2.2.6 Party van die gaste wil graag die Victoria-moskee op die Seychelle besoek.

Beskryf die protokol wat hulle by hierdie godsdienstige terrein moet volg. (4)

2.2.7 Die oord het ’n staptog met mooi natuurtonele vir belangstellende gaste gereël. Voordat die staptog begin, bied hulle ’n inligtingsessie aan om gaste bewus te maak van rommelstrooiing en versteuring van die natuurlike plantegroei.

Verduidelik die aspekte waaraan aandag gegee moet word tydens die inligtingsessie vir die gaste. (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae. Read die volgen

Jy is 'n reiskonsultant vir Isimuncumuncu African Tours. Jy bevorder tans toere na Zimbabwe. Die toere sluit in vlugte, verblyf en pendeldienste van en na die lughawe in asook aktiwiteite soos rekspring (‘bungee jumping’) en witwaterry (‘white-water rafting’). ’n Groep Suid-Afrikaanse universiteitstudente het ’n reis na Zimbabwe deur jou bespreek.

3.1.1 Beskryf Zimbabwe as bestemming. (3)

3.1.2 Motiveer hoekom jy dink die universiteitstudente sal belangstel in die toer wat jy tans aanbied. (2)

3.1.3 Noem TWEE aktiwiteite behalwe rekspring en witwaterry wat die studente sal interesseer. (2)

3.1.4 Gee die studente raad oor VIER veiligheidsmaatreëls wat in elk van die volgende situasies in ag geneem moet word:

(a) As jy in Harare, Zimbabwe rondry

(b) As jy in Harare, Zimbabwe rondloop

(2 × 4) (8)

3.2 Verduidelik VYF maniere waarop inligtingsbronne geraadpleeg kan word om op hoogte van sake in Suid-Afrika te bly. (5)

3.3 Die onderstaande plekke is voorbeelde van erfenishulpbronne. Kies 'n woord(e) uit die lys hier onder om aan te dui onder watter kategorie elkeen val. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

argeologies; histories; kultureel; wildlewe; natuurskoon

3.3.1 Apartheidsmuseum

3.3.2 Vredefort-koepel

3.3.3 Kruger-wildtuin

3.3.4 God's Window-uitkykpunt

3.3.5 Oriental Bazaar in Durban

3.3.6 Wieg van die Mensdom ('Cradle of Humankind')

(6 × 1) (6)

3.4 Foto's A en B is voorbeelde van tasbare en nietasbare erfenis.

(A) (B)



3.4.1 Watter foto verteenwoordig tasbare erfenis? Motiveer jou antwoord.

3.4.2 Watter foto verteenwoordig nietasbare erfenis? Motiveer jou antwoord. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Die Departement van Kuns en Kultuur gaan 'n kultuurdorpie en museum bou vir Nwamitwa, 'n gemeenskap in Limpopo.

Die doel met die kultuurdorpie is om die Valoyi-gemeenskap se kultuur te bewaar en bevorder. Die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en die Mopani-munisipaliteit befonds die hele projek.

Die kultuurdorpie sal die Nwamitwa-kultuur en -geskiedenis vertoon deur hul lewende erfenis te bevorder terwyl die historiese museum elemente van die XiTsonga-kultuur en -artefakte sal vertoon. Hierdie inisiatief sal akkommodasie, 'n uitstalruimte vir kuns, 'n koffiewinkel en 'n restaurant insluit. 'n Gesondheidspa lewer ook produkte. Die gemeenskap sal baie betrokke wees by die verskaffing van sommige van die produkte soos die vertoning van hul lewende erfenis en kunshandwerk ('craft') asook die verbouing en verskaffing van organiese vrugte en groente.

Die kultuurdorpie sal 'n museum insluit wat beide die tasbare en ontasbare kultuurerfenis van die Valoyi-gemeenskap sal bevorder. Dit sal gedoen word deur erfenisvoorwerpe te behou en bewaar. Ruimte sal ook geskep word vir optredes, rituele en inheemse kennisstelsels.

Dit is betekenisvol dat die projek die potensiaal het om volhoubaar te raak en by te dra tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Dit sal nie net werkgeleenthede skep nie, maar ook kulturele toerisme verder bevorder en die lewens van die mense in die omgewing oor die algemeen verbeter.

[Aangepas uit: http://www.dac.gov.za/content/dac-build-cultural-village-and-museum-nwamitwa-community]

4.1.1 Verduidelik die stelling: Die toerismebedryf is om erfenishulpbronne gebou.

4.1.2 Noem VIER betekenisvolle rolle wat die plaaslike gemeenskap in die ontwikkeling van toerisme in die Valoyi-gemeenskap speel wat hier bo genoem word. (2 x 4) (8)

4.2 Verduidelik die volgende terme:

4.2.1 Artefak

4.2.2 Lewende erfenis

(2 × 2) (4)

4.3 Noem TWEE belanghebbendes wat by die Valoyi-gemeenskapsprojek betrokke is. (2)

4.4 Bespreek hoe die Valoyi-gemeenskapsprojek tot die volgende faktore in die gemeenskap kan bydra:

4.4.1 Die omgewing

4.4.2 Onderwys en opleiding

4.4.3 Kulturele erfenis

4.4.4 Ekonomie

(4 × 2) (8)

4.5 Dink jy die projek hier bo is volhoubaar (‘sustainable’)? Motiveer jou antwoord. (3)

4.6 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (4.6.1–4.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.6.1	Toerismeproduk	A	iemand wat ’n onderneming begin en finansiële risiko neem met die hoop om wins te maak
4.6.2	Omgewingsbestuur		
4.6.3	Entrepreneur	B	’n geskenk of artikel wat gekoop is by die bestemming wat jy besoek het en jou aan die trekpleister herinner
4.6.4	Erfenisbewaring		
4.6.5	Niestaatsorganisasie	C	bewaring en restourasie van die natuurlike omgewing en natuurlewe
		D	om die menslike impak op natuurlike hulpbronne te beheer
		E	om die plaaslike kultuur te respekteer en die negatiewe impak op die plaaslike gemeenskap in ag te neem
		F	dienste, plekke of voorwerpe wat aangebied kan word om in verbruikers se behoeftes te voorsien
		G	’n niewinsgewende organisasie wat onafhanklik van die staat is en afhanklik is van donasies

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 'n Witskrif kan beskryf word as 'n geformuleerde strategie en aksieplan vir volhoubare toerisme in Suid-Afrika.

5.1.2 Die bruto binnelandse persentasie is die totale waarde van goedere en dienste wat in 'n bepaalde tydperk binne die grense van 'n land geproduseer word.

5.1.3 Om 'n motor te huur, is 'n voorbeeld van 'n toerismeproduk.

5.1.4 Belanghebbendes is mense of groepe wat in iets belangstel of daaroor bekommerd is.

5.1.5 Tradisionele Maleise geregte sluit vleis, pap, stampmielies, magou en afval in. (5 × 1) (5)

5.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

TENIQUA TREETOPS

In Februarie 2002 het Viv en Robyn Patz hul eiendomme en sakebelange in Johannesburg verkoop en belê in hulle droom wat nou Teniqua Treetops is – 'n oord met tent-boomhuise.

Saam met 'n span betroubare werkers het hulle al die unieke boomhuise een vir een sorgsaam en omgewingsvriendelik ontwerp, gebou en toegerus. Hulle het groot moeite gedoen om die bos deur die hele proses te bewaar. In die eerste jaar is twee boomhuise voltooi, die volgende jaar drie en die laaste drie die jaar daarna.

Teniqua Treetops is 'n algehele Afrika-ervaring; 'n landelike, ekologies gesonde klein ontwikkeling met agt unieke boomhuise wat geleë is in 'n gebied met uitstaande natuurskoon, die Knysna-woude in pragtige Suid-Afrika.

[Bron: http://teniquatreetops.co.za/inthearea/]

5.2.1 Watter soort toeris sal aangetrek word na Teniqua Treetop-selfsorgakkommodasie? (2)

5.2.2 In watter provinsie is Teniqua Treetop-selfsorgakkommodasie geleë? (2)

5.2.3 Noem EEN fees wat die gaste kan geniet terwyl hulle Knysna besoek. (1)

5.2.4 Party gaste beplan om die fees by te woon.

Noem DRIE aspekte wat hulle in ag moet neem wanneer hulle die uitstappie beplan. (3)

5.2.5 Hoe kan jy gaste wat in die oord met die tent-boomhuise bly motiveer om verantwoordelikheid te neem vir die omgewing? (4)

5.2.6 Die regering se Witskrif oor die Bevordering en Ontwikkeling van Toerisme in Suid-Afrika handel oor verantwoordelike toerisme.

Noem VIER elemente van verantwoordelike toerisme soos uiteengesit in die dokument. (4)

5.3 Groot brande het verwoesting gesaai in die Suid-Kaap met 'n reusebrand wat 'n groot deel van die Tuinroete in puin gelê het.

5.3.1 Verduidelik wat 'n reisagent moet doen as hy/sy gedurende hierdie tyd besprekings vir gaste gemaak het. (4)

5.3.2 Verduidelik VYF faktore wat 'n reisagent moet in ag neem wanneer 'n reisplan vir 'n gas beplan word. (5)
[30]

VRAAG 6

6.1 Waar in Suid-Afrika kan jy die volgende geleenthede bywoon/attraksies sien:

6.1.1 Comrades-maraton

6.1.2 Lenteblomme

6.1.3 Walvisfees

6.1.4 Volstruisfees

6.1.5 Travel Indaba

6.1.6 Pick n Pay Argus-fietstoer

6.1.7 Sardientjiefees

6.1.8 Nasionale Kunstefees

6.1.9 Nedbank-gholfuitdaging

6.1.10 Kersiefees

(10 × 1) (10)

6.2 Wanneer toeriste Suid-Afrika besoek, het hulle basiese inligting nodig om veilig en gemaklik te kan rondgaan.

Gee die inligting wat hulle benodig. (4)

6.3 Bespreek VIER redes waarom dit belangrik is vir die Suid-Afrikaanse regering om toerisme verantwoordelik te bestuur. (4)

6.4 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae.

TOOI JOU OP VIR ERFENISDAG



6.4.1 Hoe verhoog die viering van Erfenisdag sensitiwiteit vir verskillende mense se erfenis?

6.4.2 Beveel DRIE ander maniere aan waarop geleenthede geskep kan word vir mense om hul erfenis te deel.

6.4.3 Verduidelik die rol van skole in erfenisbewustheid. (3 × 3) (9)

6.5 Besoekers aan Suid-Afrika vra dikwels uit oor kwessies soos veiligheid, armoede, behuising en politiek.

Bespreek hoe jy so 'n situasie sal hanteer. (3)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

BYLAE

VRAAG 1.1



Kopiereg voorbehou